

14 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 19 en 20 (OAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 19:30-37

Ek is die Here!

Die Here is so ernstig oor die sondes wat hier genoem word, dat Hy dit blykbaar nodig vind om dit weereens by Israel in te skerp en dan met spesifieke strafbepalings daarby.

Maar as mens ook hierdie twee hoofstukke aandagtig – en eerbiedig – lees, kom jy agter dat die twee dele van die Wet, naamlik liefde tot God en liefde tot die naaste, hier weer in die visier kom.

Die belangrikste bestanddeel van liefde is trou!

Baie van die dinge wat hier aangeroeer word is sake waarin 'n mens ontrou is teenoor die Here en teenoor sy gebod dat Hy alleen die besitter is van ons liggaam en van ons gees. En daarom duld hy geen ander gode naas Homself nie: of dit nou verwronge seks of besittings of ander mense soos vreemdelinge, slawe, bejaardes, kinders of wie ook al is nie.

God Self gee die toon aan: Hy is dié Getroue: Ek is die Here, Jahwè, EK IS WAT EK IS.

Aan die een kant moet dit die volk en ons opskerp tot 'n totale toewyding aan God in ons lewe van elke dag. Van kop tot tone is ons sy eiendom en só moet ons elke dag lewe.

Aan die ander kant beteken dit ook genade, ontferming en vergewing aan verlore sondaars! Dit spreek in die “gebaretaal” van die offers en ander seremonies van die Wet.

Levitikus wys heen na Christus, die offeraltaar na die Kruis, die tabernakel na die hemel, die vreugdefeeste van die Ou Testament na die Bruilof van die Lam.

Sing: Psalm 146:3,4

Ds LH Stavast (Emeritus)